(2) Die Raad moet betreffende enige persoon aan wie vrystelling verleen is ingevolge die bepalings in sub-artikel (1) van hierdie artikel, die voorwaardes vasstel waarop sodanige vrystelling verleen word en die tydperk waarvoor sodanige vrystelling van krag is, met dien verstande dat die Raad enige vrystellingsertifikaat, na goeddunke, kan intrek nadat een week skriftelik kennis gegee is aan die betrokke persoon, of die tydperk waarvoor vrystelling verleen is, verstryk het of nie.

(3) Die Sekretaris van die Raad moet aan elke persoon aan wie vrystelling verleen is ingevolge die bepalings van hierdie artikel, 'n sertifikaat uitreik deur hom onderteken, waarin uiteengesit word—

(*a*) die volle naam van die betrokke persoon;
(*b*) die bepalings van die Ooreenkoms waarvan vrystelling verleen is;
(*c*) die voorwaardes vasgestel ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (2) van hierdie artikel, waarop sodanige vrystelling verleen word, en
(*d*) die tydperk waarvoor die vrystelling van krag is.

(4) Die Sekretaris van die Raad moet—

(*a*) alle sertifikate uitgereik in volgorde nommer; en
(*b*) 'n kopie hou van elke sertifikaat uitgereik; en
(*c*) waar vrystelling aan 'n werknemer verleen word 'n kopie van die sertifikaat aan die betrokke werkgewer stuur.

(5) Alle werkgewers en werknemers moet die bepalings van enige vrystellingsertifikaat uitgereik ingevolge hierdie artikel, nakom.

20. Raadsfondse.

Die fondse van die Raad wat by die Raad berus en deur die Raad geadministreer word, word op onderstaande wyse verskaf:—

Twee pennies moet elke week deur elke werkgewer van die loon van elk van sy werknemers afgetrek word vir wie 'n minimum loon van minstens £1 per week in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is. Die totale bedrag aldus afgetrek, tesame met 'n gelyke bedrag wat die werkgewer moet bydra, moet deur laasgenoemde aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 3051, Port Elizabeth, gestuur word binne 'n week na die datum waarop die insameling moes plaasvind.

21. Siekte-bystandsfonds.

(1) Twee pennies moet elke week deur elke werkgewer van die loon van elk van sy werknemers afgetrek word, en by die totale bedrag aldus ingevorder, moet die werkgewer 'n gelyke bedrag voeg, en die totale bedrag aan die Sekretaris van die Raad stuur binne een week na die datum waarop die insameling moes plaasvind.

(2) Sodanige fondse moet aangewend word tot hulp van werknemers deur middel van mediese bystand in geval van siekte, en moet geadministreer word deur 'n Bestuurkomitee, wat bestaan uit drie verteenwoordigers aangestel deur die werkgewersorganisasie en drie deur die vakverenigings ooreenkomstig reëls wat te eniger tyd deur die Komitee opgestel of gewysig kan word. 'n Kopie van die reëls en enige wysigings daarvan moet aan die Sekretaris van Arbeid, Pretoria, voorgelê word.

(3) Onderhewig aan die Reëls wat die fonds beheer, is 'n werknemer wat vir minstens 13 weke voor sy siekte bydraes betaal het geregtig tot—

(*a*) alle mediese behandeling behalwe bevallings, verdowingsmiddels, tandheelkundige, oog-, neus-, oor, en ander operasies behalwe sodanige kleiner operasies as wat die geneesheer kan instem om te doen binne die bestek van die Fonds;

leaving service, date of last increase and number of certificate which was produced by the employee in terms of sub-section (3) of this section when entering his employment. All certificates issued by each employer shall be numbered consecutively, signed by the employer or his representative, and a duplicate copy of each certificate shall be retained by him.

(2) A duplicate copy of each certificate issued in terms of this section shall be forwarded to the Secretary of the Council, P.O. Box 3051, Port Elizabeth.

(3) An employer shall, before engaging any applicant for work, require such applicant to produce a certificate of service issued in accordance with the provisions of sub-section (1) of this section, or a certificate issued by the Secretary of the Council specifying the experience the applicant has had, which certificate shall be issued by the Secretary of the Council on request. The employer shall forward to the Secretary of the Council such certificate with the prescribed engagement form containing the undermentioned particulars not later than one week after the applicant has commenced work. The engagement form shall show the full name of the employee, name of factory, address of employee, occupation, age, sex, and rate of pay per week, and shall be signed by the employer.

19. Exemptions.

(1) The Council may grant exemption from any of the provisions of this Agreement to or in respect of any person for any good or sufficient reason.

(2) The Council shall fix in respect of any person granted exemption under the provisions of sub-section (1) of this section the conditions subject to which such exemption is granted, and the period during which such exemption shall operate, provided that the Council may, if it deems fit, after one week's notice in writing has been given to the person concerned, withdraw any licence of exemption whether or not the period for which exemption was granted has expired.

(3) The Secretary of the Council shall issue to every person granted exemption in accordance with the provisions of this section, a licence signed by him, setting out—

(*a*) the full name of the person concerned;
(*b*) the provisions of the Agreement from which exemption is granted;
(*c*) the conditions fixed in accordance with the provisions of sub-section (2) of this section subject to which such exemption is granted, and
(*d*) the period during which the exemption shall operate.

(4) The Secretary of the Council shall—

(*a*) number consecutively all licences issued; and
(*b*) retain a copy of each licence issued; and
(*c*) where exemption is granted to an employee, forward a copy of the licence to the employer concerned.

(5) Every employer and employee shall observe the provisions of any licence of exemption issued in terms of this section

20. Council Funds.

The funds of the Council, which shall be vested in and administered by the Council, shall be provided in the following manner:—

Twopence shall be deducted every week by each employer from the wages of each of his employees for whom minimum wages of not less than £1 per week have been prescribed in this Agreement. The total amount so deducted, together with an equal amount which shall be contributed by the employer, shall be forwarded by the latter to the Secretary of the Council, P.O. Box 3051, Port Elizabeth, within one week of the date on which collection fell due.

21. Sick Benefit Fund.

(1) Twopence shall be deducted every week by each employer from the wages of each of his employees, and to the aggregate amount so collected the employer shall add an equal sum and the total shall be forwarded by the employer to the Secretary of the Council, within one week of the date on which the collection fell due.

(2) Such funds shall be applied to the assistance of employees with medical benefits in the case of illness, and shall be administered by a Management Committee, consisting of three representatives appointed by the employers' organisation and three by the trade unions in accordance with rules which may be prepared or amended at any time by the Committee. A copy of the Rules and any amendment thereof shall be lodged with the Secretary for Labour, Pretoria.

(3) An employee who has paid contributions for at least 13 weeks preceding his illness shall, subject to the Rules governing the Fund, be entitled to—

(*a*) all medical attention except confinements, anaesthetics, dental, optical, nose, ear and throat and other operations save such minor operations as the Medical Officer may consent to perform within the scope of the Fund;

(*b*) voorrade medisyne, geneesmiddels, salf, verband en wasmiddels volgens magtiging van 'n voorskrif onderteken deur die geneesheer;
(*c*) subsidie tot die koste van brille na goeddunke van die Bestuurkomitee;
(*d*) siektebetaling teen—

2s. per dag vanaf die sewende werkdag van afwesigheid tot en met die 24ste opeenvolgende werkdag van afwesigheid;
1s. per dag tot en met die volgende 24 opeenvolgende werkdae;

(4) 'n Ouditeur of ouditeurs moet deur die Raad aangestel word om die rekenings van die Fonds jaarliks te ouditeer en voor of op 31 Julie van elke jaar 'n staat op te stel waarin onderstaande aangetoon word—

(*a*) alle gelde wat ontvang is—

(i) ingevolge subartikel (1) hiervan;
(ii) uit enige ander bron; en

(*b*) alle uitgawes aangegaan onder alle hoofde

gedurende die twaalf maande geëindig op die vorige 30ste Junie, asook 'n staat van die bate en laste van die Fonds.

Die geouditeerde state moet daarna vir insae lê op die kantoor van die Raad en kopieë daarvan moet aan die Sekretaris van Arbeid, Pretoria, gestuur word.

(5) As 'n geskil te eniger tyd mag ontstaan betreffende die bepalings van die konstitusie of die beheer van die fonds, ten opsigte waarvan lede van genoemde Komitee gelykop verdeel is en tot geen beslegting geraak kan word nie, moet sodanige geskil na 'n arbiter verwys word, op wie hulle ooreengekom het, of indien hulle nie op een kan ooreenkom nie, wat deur die Minister van Arbeid benoem is. Die arbiter se beslissing sal finaal wees.

(6) In geval die Ooreenkoms verval weens verloop van tyd of beëindiging om enige ander rede, sal die Bestuurkomitee voortgaan om die fonds te administreer totdat sodanige fonds gelikwideer word, of totdat dit oorgeplaas word na 'n fonds behoorlik daargestel vir dieselfde doel as waarvoor die oorspronklike fonds in die lewe geroep is.

22. Werkloosheid-bystandsfonds.

(1) Hierby word 'n Werkloosheid-bystandsfonds in die lewe geroep bekend as die Werkloosheid-bystandsfonds vir die Klerasienywerheid, Oostelike Provinsie, hierin verder genoem „die fonds".

(2) Vir doeleindes van die fonds moet elke werkgewer elke week twee pennies aftrek van die loon van elk van sy werknemers vir wie minimum lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is. By die totale bedrag aldus afgetrek moet die werkgewer tweemaal sodanige bedrag voeg en die gesamentlike bedrag aan die Sekretaris van die Fonds, Posbus 3051, Port Elizabeth, stuur binne een week vanaf die datum waarop die aftrekking moet geskied tesame met sodanige staat as wat die Raad mag voorskryf.

(3) Die fonds moet deur die Raad beheer word ingevolge reëls wat die Raad voorskryf. Reëls moet betalings, tariewe vir betaling van bystand, belegging van fondse wat nie onmiddellik nodig is nie, ouditeer van rekenings en enige ander aangeleenthede wat die Raad raadsaam ag, bepaal. 'n Kopie van die reëls en enige wysiging daarvan moet voorgelê word aan die Nywerheidsregistrateur aangestel ingevolge artikel *drie* van die Wet.

(4) Die doel van die fonds is om bystand te verleen aan werknemers vir wie minimum lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is gedurende die tyd wat hulle werkloos is.

(5) Onderhewig aan die reëls wat die fonds beheer, is 'n werknemer wat in die nywerheid werksaam was vir een week en wat minstens ag weke bydraes betaal het geregtig tot bystand teen een-derde van die weeklikse loon voorgeskryf in die Ooreenkoms met 'n minimum van 8s. per week vir 'n tydperk van hoogstens ag weke; met dien verstande dat die Raad hierdie tydperk kan verleng of verkort op sodanige voorwaardes as hy mag vasstel waarby verandering van die bedrag bystand inbegrepe is.

(6) 'n Ouditeur of ouditeurs moet deur die Raad aangestel word om die rekenings van die Fonds jaarliks te ouditeur en voor of op 31 Julie van elke jaar 'n staat op te stel wat onderstaande aantoon:

(*a*) Alle gelde ontvang—

(i) ingevolge subartikel (1) hiervan;
(ii) uit enige ander bron; en

(*b*) uitgawe aangegaan onder alle hoofde,

gedurende die twaalf maande geëindig die vorige 30ste Junie asook 'n staat van die bate en laste van die Fonds.

Die geouditeerde state moet daarna vir insae lê op die kantoor van die Raad en kopieë daarvan moet aan die Sekretaris van Arbeid, Pretoria, gestuur word.

23. Organisasie van Werknemers.

(1) Elke werkgewer moet enige persoon of persone skriftelik gemagtig deur die vakverenigings en deur die Raad, toelaat om sy inrigting van tyd tot tyd maar nie meer as tweemaal per maand nie, gedurende etenstyd binne te kom, met die doel om—

(*a*) onderhoude te hê met werknemers insake vakverenigingaangeleenthede;
(*b*) nuwe lede in te skryf;
(*c*) kennisgewings uitgereik deur die vakverenigings op te plak en te versprei;
(*d*) lede se bydraes tot die vakverenigings in te vorder.

(*b*) supplies on the authority of a prescription signed by the Medical Officer of medicines, drugs, ointments, bandages and lotions;
(*c*) subsidy in the discretion of the Management Committee towards the cost of glasses;
(*d*) sick pay at the rate of—

2s. per day from the seventh working day of absence for 24 working days of continuous absence inclusive;
1s. per day for the next 24 working days of continuous absence inclusive.

(4) An auditor or auditors shall be appointed by the Council to audit the accounts of the Fund annually and not later than the 31st July in each year, prepare a statement showing—

(*a*) all moneys received—

(i) in terms of sub-section (1) hereof;
(ii) from any other source; and

(*b*) expenditure incurred under all headings

during the twelve months ended 30th June preceding, together with a statement showing the assets and liabilities of the Fund.

The audited statements shall thereafter lie for inspection at the office of the Council and copies thereof shall be transmitted to the Secretary for Labour, Pretoria.

(5) Should at any time a dispute as to the provisions of the constitution or of the administration of the fund arise in regard to which members of the said Committee are equally devided and no agreement is arrived at such dispute shall be referred to an arbitrator agreed upon by them, or, failing agreement, nominated by the Minister of Labour. The arbitrator's decision shall be final.

(6) In the event of the expiry of this Agreement through effluxion of time or cessation for any other cause, the fund shall continue to be administered by the Management Committee until such fund shall be liquidated, or until transferred to a fund duly constituted for the same purpose for which the original fund was created.

22. Unemployment Benefit Fund.

(1) There is hereby established an unemployment benefit fund, to be known as the Unemployment Benefit Fund for the Clothing Industry, Eastern Province, hereinafter referred to as "the fund".

(2) For the purpose of the fund, each employer shall each week deduct from the wages of each of his employees for whom minimum wages are prescribed in this Agreement, the sum of twopence. To the aggregate amount so deducted the employer shall add twice such amount and forward the total sum to the Secretary of the Fund, P.O. Box 3051, Port Elizabeth, within one week of the date on which the deduction fell due, together with such statement as may be prescribed by the Council.

(3) The fund shall be administered by the Council in terms of rules which it shall prescribe. Rules shall provide for payments, rates of payment of benefits, investment of funds not immediately required, audit of accounts and any other matters deemed advisable by the Council. A copy of the Rules and any amendments thereof shall be lodged with the Industrial Registrar appointed in terms of section *three* of the Act.

(4) The object of the fund shall be the provision of benefits to employees for whom minimum wages are prescribed in this Agreement during the time they are unemployed.

(5) An employee who has been employed in the industry and who has paid contributions for at least eight weeks shall, subject to the Rules governing the fund, after being unemployed for one week be entitled to benefit at the rate of one-third of the weekly wage prescribed in the Agreement, with a minimum of 8s. per week, for a period not exceeding eight weeks, provided that the Council may extend or reduce this period on such conditions, including variation of the amount of benefit, as it may determine.

(6) An auditor or auditors shall be appointed by the Council to audit the accounts of the fund annually and not later than the 31st July in each year, prepare a statement showing—

(*a*) all moneys received

(i) in terms of sub-section (1) hereof;
(ii) from any other source; and

(*b*) expenditure incurred under all headings

during the twelve months ended 30th June preceding, together with a statement showing the assets and liabilities of the fund.

The audited statements shall thereafter lie for inspection at the office of the Council and copies thereof shall be transmitted to the Secretary for Labour, Pretoria.

23. Organisation of Employees.

(1) Every employer shall permit any person or persons authorised by the trade unions and by the Council in writing to enter from time to time not exceeding twice in any one month his establishment during the lunch hour, for the purpose of—

(*a*) interviewing employees on trade union matters;
(*b*) enrolling new members;
(*c*) posting and distributing notices issued by the trade union;
(*d*) collecting members' contributions to the trade union.

(2) Die gemagtigde persoon of persone moet die werkgewer of sy verteenwoordiger kennis gee van sy voorneme om die inrigting te besoek. Die werkgewer of sy verteenwoordiger mag teenwoordig wees gedurende hierdie besoeke aan die inrigting.

24. AGENTE.

Die Raad moet een of meer bepaalde persone as agente aanstel om behulpsaam te wees by die toepassing van die bepalings van hierdie Ooreenkoms. Dit is die plig van elke werkgewer en elke werknemer om sodanige agente toe te laat om sodanige ondersoek in te stel en sodanige boeke en/of geskrifte te ondersoek en om sodanige persone te ondervra as wat vir hierdie doel nodig mag wees.

25. INDIENSNEMING VAN JEUGDIGES.

Geen persoon onder 15 jaar oud mag in die nywerheid in diens geneem word nie.

Onderteken in Port Elizabeth namens die partye hede die 9de dag van Julie 1940.

JOHN DOCK,
Voorsitter van die Raad.

R. BUDLENDER,
Ondervoorsitter van die Raad.

G. T. DOWNES,
Sekretaris van die Raad.

✱ No. 1426.] [6 September 1940.

WET OP WINKELS EN KANTORE, 1939.

VRYSTELLING KRAGTENS ARTIKEL *NEGENTIEN* (1).

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, stel hierby, kragtens subartikel (1) van artikel *negentien* van die Wet op Winkels en Kantore, 1939 (Wet No. 41 van 1939), en met ingang vanaf die datum van bekendmaking van hierdie kennisgewing, alle motorverkopers dwarsdeur die Unie van Suid-Afrika vry van die bepalings van artikel *agt* van genoemde Wet; met dien verstande dat hulle in ontvangs is van ondervermelde gewaarborgde minimum besoldiging:—

	Per maand. £ s. d.
Die eerste ses maande ervaring	22 10 0
Die tweede ses maande ervaring	25 0 0
Daarna	30 0 0

WALTER B. MADELEY,
22 Augustus 1940. Minister van Arbeid.

✱ No. 1428.] [6 September 1940.

VAKLEERLINGEN WET, 1922, SOOS GEWYSIG.

KOMITEE VIR VAKLEERLINGE IN DIE HAARKAPPERSBEDRYF, WITWATERSRAND.

VOORGESTELDE VOORSKRYWING VAN VAKLEERLINGSKAPVOORWAARDES IN DIE MUNISIPALE GEBIED VEREENIGING.

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, handelende ooreenkomstig die bepalings van artikel *vyftien* van die Vakleerlingen Wet, 1922, soos gewysig, en in oorleg met die Komitee vir Vakleerlinge in die Haarkappersbedryf, Witwatersrand, gee hierby kennis dat ek voornemens is om, kragtens subartikel (1) van artikel *dertien* van genoemde Wet, soos gewysig, in die munisipale gebied, Vereeniging, vir welke gebied die aldus geraadpleegde Komitee by Goewermentskennisgewing No. 762 van 10 Mei 1940, ingestel is, die bepalings wat in die bylae van Goewermentskennisgewing No. 1813 van 13 November 1931, bepaal word, voor te skryf as bepalings betreffende vakleerlingskap in die vakke deur my aangewys in die Haarkappersbedryf, waarop die bepalings van bogenoemde Wet, soos gewysig, ten opsigte van vakleerlingskap van toepassing is.

WALTER B. MADELEY,
(C. 1001/38/1.) Minister van Arbeid.

✱ No. 1443.] [6 September 1940.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

ALGEMENE INGENIEURS- EN METAALNYWERHEID (KAAP).

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die bylae verskyn en betrekking het op die Algemene Ingenieurs- en Metaalnywerheid, vanaf die 16de dag van September 1940, en vir die tydperk wat eindig op die 15de dag van September 1941, bindend is op die werkgewersorganisasie en vakverenigings wat die genoemde Ooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasie of daardie verenigings;

(2) The authorised person or persons shall notify the employer or his representative of his intention to visit the establishment. The employer or his representative may be present during these visits to the establishment.

24. AGENTS.

The Council shall appoint one or more specified persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement. It shall be the duty of every employer and every employee to permit such agents to institute such inquiries and to examine such books and/or documents and to interrogate such persons as may be necessary for this purpose.

25. EMPLOYMENT OF JUVENILES.

No person under the age of 15 years shall be employed in the industry.

Signed at Port Elizabeth, on behalf of the Parties, this 9th day of July, 1940.

JOHN DOCK,
Chairman of the Council.

R. BUDLENDER,
Vice-Chairman of the Council.

G. T. DOWNES,
Secretary of the Council.

✱ No. 1426.] [6 September 1940.

SHOPS AND OFFICES ACT, 1939.

EXEMPTION UNDER SECTION *NINETEEN* (1).

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, do hereby, in terms of sub-section (1) of section *nineteen* of the Shops and Offices Act, 1939 (Act No. 41 of 1939), and with effect from the date of publication of this notice, exempt all motor salesmen throughout the Union of South Africa from the provisions of section *eight* of the said Act; provided they are in receipt of a guaranteed minimum remuneration as follows:—

	Per Month. £ s. d.
During the first six months of experience	22 10 0
During the second six months of experience	25 0 0
Thereafter	30 0 0

WALTER B. MADELEY,
Minister of Labour.

22nd August, 1940.

✱ No. 1428.] [6 September 1940.

APPRENTICESHIP ACT, 1922, AS AMENDED.

WITWATERSRAND HAIRDRESSING INDUSTRY APPRENTICESHIP COMMITTEE.

PROPOSED PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP IN MUNICIPAL AREA OF VEREENIGING.

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *fifteen* of the Apprenticeship Act, 1922, as amended, and after consultation with the Witwatersrand Hairdressing Industry Apprenticeship Committee, hereby give notice that in terms of sub-section (1) of section *thirteen* of the said Act, as amended, I propose to prescribe in the Municipal Area of Vereeniging, for which area the Committee so consulted was established by Government Notice No. 762 of the 10th May, 1940, the provisions specified in the schedule to Government Notice No. 1813 of the 13th November, 1931, as provisions in respect of apprenticeship in the trades designated by me in the Hairdressing Industry to which the provisions of the said Act, as amended, in respect of apprenticeship shall apply.

WALTER B. MADELEY,
Minister of Labour.

(C. 1001/38/1.)

✱ No. 1443.] [6 September 1940.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

GENERAL ENGINEERING AND METAL INDUSTRY (CAPE.)

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the schedule hereto and which relates to the General Engineering and Metal Industry, shall be binding from the 16th day of September, 1940, and for the period ending the 15th day of September, 1941, upon the employer's organization and trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organization or those unions;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 1 tot en met 17 en 21 tot en met 26 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 16de dag van September 1940, en vir die tydperk wat eindig op die 15de dag van September 1941, bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens van genoemde nywerheid in die magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Stellenbosch en die munisipale gebiede Paarl, Somerset Strand en Somerset-Wes (maar waarby die gebied geokkupeer deur die „ Cape Explosives Works, Limited ", Somerset-Wes, uitgeslote is); en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms (met uitsondering van klousules 2, 8 en 18 tot en met 20) vanaf die 16de dag van September 1940 en vir die tydperk wat eindig op die 15de dag van September 1941, in die magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Stellenbosch en die munisipale gebiede Paarl, Somerset Strand en Somerset-Wes (waarby die gebied geokkupeer deur die „ Cape Explosives Works, Limited ", Somerset-Wes, uitgeslote is), *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „ werknemer " vervat in artikel *een* van genoemde Wet ingesluit is nie.

W. B. MADELEY,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

„ INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE GENERAL ENGINEERING INDUSTRY (CAPE)."

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gemaak deur en aangegaan tussen die

„ Cape Engineers', Founders' and Shipwrights' Association " (hierin verder genoem „ die werkgewers " of „ die werkgewersorganisasie ") aan die een kant; en die

„ Amalgamated Engineering Union ",

„ South African Boilermakers', Ironworkers' and Steelworkers' and Shipbuilders' Society "; en

„ The Iron Moulders' Society of South Africa "

(hierin verder genoem „ die werknemers " of „ die vakverenigings ") aan die ander kant, wat die partye is by die „ Industrial Council for the General Engineering and Metal Industry (Cape) ".

1. Bestek van Toepassing van Ooreenkoms.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms—

(*a*) moet nagekom word deur alle lede van die werkgewersorganisasie wat werkgewers is soos omskryf in die Wet en wat die algemene ingenieurs- en metaalnywerheid voortsit, en deur alle lede van die vakverenigings wat in sodanige nywerheid in diens is en vir wie in artikel 4 lone voorgeskryf is; en

(*b*) is van toepassing op vakleerlinge, vir sover dit nie met die bepalings van die „ Vakleerlingen Wet, 1922 ", of enige kontrak daaronder aangegaan of enige bepalings daarby vasgestel, in stryd is nie,

in die magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Stellenbosch en die munisipale gebiede Paarl, Somerset-Strand en Somerset-Wes (maar waarby die gebied geokkupeer deur die „ Cape Explosives Works, Limited ", Somerset-Wes, uitgeslote is).

2. Termyn van Toepassing van Ooreenkoms.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op sodanige datum as wat die Minister van Arbeid ingevolge artikel *ag-en-veertig* van die Wet mag bepaal en bly in werking vir 'n tydperk van twee jaar of vir sodanige tydperk as wat hy mag vasstel.

3. Woordbepalings.

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig word, en wat in die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bepaal is, het dieselfde betekenis as in daardie Wet; enige verwysing na 'n Wet sluit ook enige wysiging van sodanige Wet in, en behalwe waar die teenoorgestelde blykbaar bedoel word, sluit woorde wat die manlike geslag aandui ook vrouens in; verder, tensy dit in stryd is met die samehang, beteken—

„ Wet " die Nywerheid-versoeningswet, 1937;

„ volwassene " 'n werknemer, behalwe 'n vakleerling, van 21-jarige leeftyd of daarbo;

„ vakleerling " 'n werknemer wat onder 'n skriftelike vakleerlingkontrak geregistreer ingevolge die „ Vakleerlingen Wet, 1922 " dien;

„ asetileen-brand ", metaalplaat, plate, gietyster of ander metale sny deur 'n oksiasetileenvlam al langs die rigting te hou wat gesny moet word en aldus die metaal te smelt; klinknaelkoppe, ens., op dieselfde manier weg te sny, maar hierby is sweiswerk nie inbegrepe nie;

„ anker- en magneetwind ", anker- of magneetwind, draadrolle met die hand of masjien wind op klaargemaakte ankergietkern of vormers; klaargemaakte anker met band vasbind; verbindingsdrade aan die end van omwindings vassoldeer en ankers vernis;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 1 to 17 (inclusive) and 21 to 26 (inclusive) of the said Agreement shall be binding from the 16th day of September, 1940, and for the period ending the 15th day of September, 1941, upon the other employers and employees engaged or employed in the said industry in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Stellenbosch and the Municipal Areas of Paarl, Somerset Strand and Somerset West (but excluding the area occupied by the Cape Explosives Works, Limited, Somerset West); and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Stellenbosch and the Municipal Areas of Paarl, Somerset Strand and Somerset West (but excluding the area occupied by the Cape Explosives Works, Limited, Somerset West) and from the 16th day of September, 1940, and for the period ending the 15th day of September, 1941, the provisions of the said Agreement (excluding clauses 2, 8 and 18 to 20 inclusive), shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons as are not included in the definition of the expression " employee " contained in section *one* of the said Act.

W. B. MADELEY,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE GENERAL ENGINEERING AND METAL INDUSTRY (CAPE).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into by and between the

Cape Engineers', Founders' and Shipwrights' Association

(hereinafter referred to as " the employers " or " the employers' organisation "), of the one part, and the

Amalgamated Engineering Union,
South African Boilermakers', Ironworkers' and Steelworkers' and Shipbuilders' Society, and
The Iron Moulders' Society of South Africa

(hereinafter referred to as " the employees " or " trade unions "), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the General Engineering and Metal Industry (Cape).

1. Scope of Application of Agreement.

The terms of this Agreement shall—

(*a*) be observed by all members of the employers' organisation who are employers within the meaning of the Act and who are engaged in the General Engineering and Metal Industry, and by all members of the trade unions employed within such industry, and for whom wages are prescribed in section 4; and

(*b*) apply to apprentices in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1922, or any contract entered into, or any conditions fixed thereunder,

in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Stellenbosch, and the Municipal areas of Paarl, Somerset Strand, and Somerset West (but excluding the area occupied by the Cape Explosives Works, Limited, Somerset West).

2. Period of Operation of Agreement.

This Agreement shall come into operation on such date as may be fixed by the Minister of Labour in terms of section *forty-eight* of the Act, and shall remain in force for a period of two years, or such period as may be determined by him.

3. Definitions.

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1937, shall have the same meanings as in that Act, any reference to an Act shall include any amendment of such Act, and unless the contrary intention appears, words importing the masculine gender shall include females; further, unless inconsistent with the context—

" Act " means the Industrial Conciliation Act, 1937;

" adult " means an employee, other than an apprentice, of the age of 21 years or over;

" apprentice " means an employee serving under a written contract of apprenticeship registered under the Apprenticeship Act, 1922;

" acetylene burning " means cutting through sheetmetal, plates, cast iron or other metals by directing an oxy-acetylene flame along direction to be cut, thus melting the metal; cutting away by flame rivet heads, etc., in the same manner, but does not include welding;

" armature and magnet winding " means armature or magnet winding, winding wire coils by hand or machine on finished armature core or formers; binding finished armature with tape; soldering connecting wires to end of windings and varnishing armature;

„ grofsmidwerk en/of vuurwerk en/of veervervaardiging ": grofsmidwerk: yster- of staalstawe, -stange, -plate, ens., in smee-oond verhit tot 'n smeebare toestand en hulle fatsoeneer en/of las deur op 'n aambeeld te hamer. Werk kan met die hand, met 'n handgedrewe masjien of met 'n kraggedrewe masjien verrig word, na gelang van die grootte van die werk en kan vuurwerk en veervervaardiging insluit;

vuurwerk: metaal fatsoeneer deur metale te verhit en in enige besondere fatsoen te forseer deur middel van hamers deur krag gedrewe, gewoonlik deur elektriese of stoomhamers of hidrauliese smeepers;

veervervaardiging: blaaie van bladvere of swaar spiraalvere vir voertuie, rollende materiaal, ens., smee; hulle hardmaak en temper; veerblaaie vasbout en saamvoeg of punte aan spiraalveer voeg; plat vere smee en hulle hardmaak en temper;

„ skuitbou en/of skeepstimmerwerk ", (*a*) 'n skuit geheel bou, d.w.s., kiel en hoofverbandstukke van skuit saag, fatsoeneer en buig in stoompers of met klampskroewe; raamwerk van skuit bou en oorslaanrepe hout aan raamwerk in metaalklinknaels met klinknaels vassit; roer bou; sitplekke, dwarsbalke, ens., maak en vassit; (*b*) klaargemaakte stukke timmerhout volgens tekeninge of ontwerpe wat verskaf is met die hand met gereedskap saamvoeg om raamwerk of bou-onderdeel van skepe en skuite uit te maak; syplanke en dekverbandstukke aan raamwerk sit en hulle vassit deur koperklinknaels of houtnaels met 'n handhamer in te slaan nadat gate eers geboor is, as dit nodig is; nate in die kante en in die dek kalfater; skip in droogdok of op sleephelling stut;

„ ketelvervaardiging, met inbegrip van staalbouwerk, hoekystersmidswerk, metaalplaatwerk, deurslagwerk en skuinssny, plaatwerk en patroonvervaardiging, en waarby klinknael- en kalfaatwerk in staal en skeepsplaatwerk inbegrepe is ":

ketelvervaardiging: die vervaardiging van ketels, met inbegrip van plaatwerk, klinknaelwerk, raam afdraai, hoekystersmidswerk, ens.;

staalbouwerk: yster- of staalfhoofbalke en -plate gebruik in bouwerk met behulp van masjiene sny, saag, reguit maak, buig, fatsoeneer en deurslaan of boor, en sluit patroonvervaardiging, sweiswerk, klinknaelwerk en plaatwerk in;

hoekystersmidswerk: werk in hoekyster en kanaalyster (soos bv. hoofbalke) met inbegrip van hoekyster buig, hoekyster reguit maak, sweiswerk;

metaalplaatwerk: werk in dun metaalplaat, bv. sink, blik, gegalvaniseerde yster; yster uitwerk van patroon of ontwerp met mate en met die hand of deur krag gedrewe skêr of snymasjien uitsny; met die hand fatsoeneer met hamer, dryfhamer en vormblokke of aambeeld of kragpers, fatsoenering deur plaat tussen met krag gedrewe rollers van geskikte fatsoen te stuur; lasse maak volgens verskeie metodes na gelang van artikel wat vervaardig word; kante buig en bind in masjien wat nate werk, of oorslaanlas met die hand of met masjien met klinknaels bevestig; las sweis of soldeer;

deurslagwerk en skuinssny: 'n masjien bedien wat gate in metaalplate, ens., deurslaan asook masjienskuinssny van plate volgens grootte en fatsoen wat vereis word;

plaatwerk: afmerk van tekeninge of patrone, fatsoenering van plate wat gebruik word by die vervaardiging van ketels, tenks, rompe, ens., masjienprosesse uitvoer waarvolgens hulle gesny, gesaag, reguit gemaak, gebuig, gefatsoeneer en deurgeslaan of met klinknaelgate deurboor word, byeenvoeg in gereedheid vir klinknaelwerk;

patroonvervaardiging: werk volgens volle grootte van tekeninge saamstel; hout-, strooikarton- of metaalpatrone vervaardig waarvan staal vir vervaardigingsdoeleindes afgemerk word;

„ geelkoper afwerk ", geelkoper afgietsels of stempels afwerk, met inbegrip van geelkoper draai, vyl, uitklop, poleer, boor en soldeer en bankwerk in verband met geelkoper;

„ kabellas ", die maak van lasse in elektriese lugkabels of ondergrondse of ondersese elektriese kabels deur ente van die kabel „ af te stroop "; aan ooreenstemmende drade of geleiers van ander kabels las; elke draad of geleier isoleer en die geheel omhul met band en waterdigte oortrekke; aansluiting soldeer of hardsoldeer en isoleer-omhulsels terugsit;

„ kalfaatwerk in staalbouwerk en skeepsplaatwerk ", plaatnate vaster maak deur kante saam te forseer met 'n kalfaatwerktuig;

„ volle werkdag ", daardie tydperk gedurende enige dag wat die gewone dagskof gewerk word en vir die toepassing van artikel 12, een-sesde van die gewone werkweek van die betrokke werknemer;

„ kopersmidswerk ", die vervaardiging van kopervate, -pype, -toebehoorsels vir skepe, stokerye, ens.; dun koperplaat in fatsoen sny met handskêr, blikskêr of snymasjien en koperplaat, met knip- of ronde snymasjien; ligte pyp of plaat met die hand buig en swaar pype of plaat in buigmasjien of hidrauliese pers; rolmasjien gebruik om plaat te buig vir silinders; metaal

" blacksmithing and/or forging and/or springmaking " means—

blacksmithing: heating iron or steel bars, rods, plates, etc., in forge to malleable condition, and shaping and/or joining them by hammering on an anvil. Work may be done by hand, by hand-operated machine or by power machine according to size of job; and may include forging and spring making;

forging: shaping metal by heating and forcing into any particular shape metals by means of power driven hammers, usually electric or steam hammers, or hydraulic forging press;

springmaking: forging leaves of laminated springs, or heavy spiral springs for vehicles, rolling stock etc.; hardening and tempering them; bolting and fitting spring leaves together or fitting terminals to spiral spring; forging flat springs and hardening and tempering them;

" boat-building and/or shipwrighting " means (*a*) building of a boat throughout, i.e. cutting, shaping and bending in steam press or with clamps, keel and main timbers of boat; constructing framework of boat and riveting overlapping strips of wood to framework into metal rivets; constructing rudder; making and fixing seats, stretchers etc; (*b*) fitting together prepared pieces of timber, according to drawings or plans provided, to form framework, or structural part of ships and boats, by hand, with tools; putting side planks and deck timbers on framework, and securing them by hammering in copper rivets or treenails, with a hand hammer, having first bored holes if necessary; caulking seams in sides and in deck; shoring up ship in dry dock or on slipway;

" boilermaking, including steel structural working, angle iron smithing, sheet metal working, punching and shearing, plating and template making, and may include riveting and caulking in steel and ship's plate work " means—

boilermaking: the manufacture of boilers, including plating, riveting, frame turning, angle iron smithing, etc.;

steel-structural working: cutting, sawing, straightening, bending, shaping and punching or drilling, by aid of machines, iron or steel girders and plates used in constructional work, including template making, welding, riveting and plating;

angle iron smithing: working in angle iron and channel iron (such as girders) including angle iron bending, angle iron straightening, welding;

sheet metal working: working in thin sheet metal, e.g. zinc, tinplate, galvanised iron; working out metal from template or dimensioned sketch and cutting by hand or power shears, or guillotine; shaping by hand with hammer, mallet and forming blocks or anvil or power press, shaping by passing sheet between appropriately shaped power-driven rollers; making of joints by various methods according to article produced; bending and binding edges in seaming machine, or riveting overlapped joint by hand or machine; welding or soldering joint;

punching and shearing: operating a machine which punches holes in metal plates, etc., and also machine shearing of plates to size and shape required;

plating: marking out, from drawings or templates, shaping of plates to be used in making boilers, tanks, hulls, etc., carrying out machine processes by which they are cut, sawn, straightened, bent, shaped and punched or drilled with rivet holes, fitting up in readiness for riveting;

template making: setting out work to full size from drawings; making of wood, strawboard or metal templates from which steel is marked off for fabricating;

" brass finishing " means finishing brass castings or stampings, including brass turning, filing, burnishing, polishing, drilling, soldering and fitting;

" cable jointing " means making joints in overhead or underground or submarine electric cables by " stripping " ends of cable; joining to corresponding wires or conductors of other cables; insulating each wire or conductor, and binding whole with tape and waterproof covers; soldering or brazing junction and replacing insulating coverings;

" caulking in structural steel work and ship's plating " means the tightening up of plate seams by forcing edges together with a caulking tool;

" clear working day " means that period on any day during which the usual day's shift is worked, and for the purpose of Section 12 means one-sixth of the normal working week of the employee concerned;

" coppersmithing " means making copper vessels, pipes, fittings for ships, distilleries, etc.; cutting copper sheet to shape with hand shears, snips or guillotine, and copper plate with shearing or circular cutting machines; bending light pipe or sheet by hand, and heavy pipes or sheet in bending machine or hydraulic press; using rolling machine for bending sheet for cylinders; shaping

fatsoeneer deur dit te verhit met hamer op aambeeld of kompres; nate in plaat met masjien werk; lasse hardsoldeer of soldeer of koperflense of -toebehoorsels aanheg deur verhitting met blaaspyp of in smeltoond; plaatgoedere gladmaak en poleer; gate soos vereis met handboor of boor- en deurslagmasjiene boor en deurslaan; punte met klinknaels vasheg en toebehoorsels aanheg; kopervate binne- en buitekant vertin;

„ Raad ", die „ Industrial Council for the General Engineering and Metal Industry (Cape) " geregistreer ingevolge artikel *twee* van die Nijverheid Verzoenings Wet, 1924, en beskou word as geregistreer te wees ingevolge die Nywerheid-versoeningswet, 1937;

„ dagskof ", enige tydperk van hoogstens ag-en-driekwart uur gewoonlik gewerk deur 'n werknemer tussen die ure 6 v.m. en 6 n.m. vanaf Maandag tot en met Vrydag of enige tydperk van hoogstens vyf uur gewerk tussen die ure 6 v.m. en 12 middag op Saterdag met dien verstande dat as 'n werkgewer nie van sy werknemers vereis om meer as vyf dae gedurende enige week te werk nie, dit enige sodanige tydperk beteken van hoogstens nege-en-'n-half uur tussen 6 v.m. en 6 n.m. op elke sodanige dag;

„ stempelmaak en stempelsny ", stempels in graveersteen, in sagte staalblok of gipsmodel sny, of patroon van stempel wat gesny moet word in stempelsnymasjien deur krag gedrewe; puntyster van masjien langs buitelyne van patroon hou; stempel afwerk met beitel en hamer en ander werktuie;

„ werktuigkundige vir toestelle vir huishoudelike gebruik " of „ radio-werktuigkundige " of „ yskas-werktuigkundige ", 'n werknemer werksaam in een of meer van onderstaande soorte werk:—

Foute in stowe, wasmasjiene, strykers en alle ander belangriker elektriese toestelle, radio- en/of draadloosinstrumente en elektriese apparaat om klank weer te gee en yskaste, vasstel of toesig hou oor herstel of wysigings daarvan of dit uitvoer, of dit bedien, inmekaarsit, oprig en/of installeer of toesig hou oor die oprigting en/of installering daarvan, finale proewe doen of die toesig oor sodanige werksaamhede;

Graad 1, 'n werknemer met minstens vyf jaar ervaring;

Graad 2, 'n werknemer met minder as vyf jaar ervaring;

„ handlanger by elektriese toestelle ", 'n werknemer wat radio en/of draadloosinstrumente, yskaste, of enige ander huishoudelike elektriese toestelle aan bestaande elektriese geleidings of proppe heg; opvangdrade oprig; motore van yskaste, wasmasjiene en ander huishoudelike elektriese toestelle olie; algemene diens in verband met die werk genoem in hierdie bepaling;

„ elektrotegniese bankwerk ", elektriese toestelle, apparaat of masjinerie, veral swaar masjinerie soos dinamo's, wissel-dinamo's, skakelborde, ens., vervaardig, stel, oprig of herstel;

„ elektrotegniese draadwerk ", geleiding in geleidingskanaal, staalbuis, loodomhulsel of ander soort beskerming aanlê; gewone geïsoleerde draad sonder ander beskerming aanlê; skakelaars met die hand aanbring en skroewedraaiers, tange, hout-els, hamer, ens., gebruik; drade vir motore en beheer-meganisme aanlê;

„ elektrisiën ", 'n werknemer werksaam by die vervaardiging, stel, oprig of herstel van elektriese toestelle, apparaat of masjinerie; veral swaar masjinerie soos dinamo's, wisseldinamo's, skakelbord, ens., en kan elektrotegniese bankwerk, elektrotegniese draadwerk en anker- en magneetwind insluit;

„ werknemer ", enige persoon behalwe 'n vakleerling of hy 'n vakleerlingskaptermyn voltooi het of nie, wat in enige van die beroepe werksaam is of as een van die kategorieë werknemers, aangegee by artikel 4 (1) (*a*), (*b*), (*c*) en (*d*);

„ inrigting ", alle plekke waarin die algemene ingenieurs- en metaalnywerheid voortgesit word;

„ installering van sprinkel-installasie teen brand ", smee- of gietyster-, of geelkoper- of koperpype met ystersaag, beitel, vyl of spesiale pypsnywerktuig sny; pype tot vereiste hoeke met behulp van skroefspil buig; groewe in ente sny met skroefsnygereedskap en L-vormige hoeke en T-vormige stukke, ens., in lasse pas vir sprinkelstelsels; las deur vas te skroef met lasmengsel om waterdig te maak; stelsels herstel en weer pas; pype van sprinkel-apparaat oprig waardeur 'n kamer of fabriek outomaties met water gevul word as brand ontstaan;

„ bankwerk ", onderdele voorberei, die verskillende dele wat 'n meganisme of metaalstruktuur uitmaak, oprig en/of inmekaarsit en saamvoeg van ligdrukke en spesifikasies; enige soort meganisme of metaalstruktuur inmekaarsit en stel, werk herstel of weer bou; met die hand met beitel en hamer afkap om onderdele voor te berei, en vyl, skraap, saag om oppervlaktes waterpas te maak; gereedskap maak; werk uitvoer; waar nodig, praktiese kennis het van die eienskappe en gebruike van materiaal; van metodes om gietsels, smeewerk en masjienonderdele uit te sny en van die eienskappe van water, stoom en lug;

metal by heating with hammer on anvil or bolster; seaming sheet in seaming machine; brazing or soldering joints, or attaching copper flanges or fittings by heating with blowpipe or forge; smoothing and polishing sheet goods; drilling and punching holes as required by hand drill or drilling and punching machines; riveting points and attaching fittings; also tinning inside and outside of copper vessels;

" Council " means the Industrial Council for the General Engineering and Metal Industry (Cape), registered in terms of section *two* of the Industrial Conciliation Act, 1924, and deemed to have been registered in terms of the Industrial Conciliation Act, 1937;

" day shift " means any period of not more than eight-and-three-quarter hours normally worked by an employee between the hours of 6 a.m. and 6 p.m. on Mondays to Fridays, inclusive, or any period not exceeding five hours worked between the hours of 6 a.m. and 12 noon on Saturdays, provided that where an employer does not require his employees to work more than five days in any week, it means any such period of not more than nine-and-a-half hours between 6 a.m. and 6 p.m. on each of such days;

" die-making and die-sinking " means cutting dies in intaglio in mild steel block or plaster model or pattern of die to be sunk, in powerdriven die sinking machine; guiding of pointer of machine over outsides of pattern; finishing die with chisel and hammer or other tools;

" domestic service appliance mechanic " or " radiotrician " or " refrigerator mechanic " means an employee engaged on one or more of the following classes of work:—

Diagnosing of faults in, or directing or executing repairs or adjustments to, or servicing, assembling, erecting and/or installing or supervising the erection and/or installation of ranges, washing machines, ironers and all other major electrical appliances, radio and/or wireless instruments and electrical sound reproducing apparatus and refrigerators, the carrying out of final tests, or the supervision of such operations;

Grade 1 means an employee who has had at least five years' experience;

Grade 2 means an employee who has had less than five years' experience;

" electrical appliance handyman " means an employee who fits radio and/or wireless instruments, refrigerators, or any other household electrical appliances to existing electrical connections or plugs; erects aerials; oils motors on refrigerators, washing machines and other household electrical appliances; general service in connection with the work mentioned in this definition;

